# DIE AANGESIG VAN JAHUAH

In Dan. 9:17 bid Daniël dat JaHUaH se Aangesig oor hulle moet skyn, maar in Ex. 33:20, 23 het JaHUaH vir Moses gesê dat hy nie Sy Aangesig mag sien en bly lewe nie.

Tog kon Moses Hom van agter sien as Hy verbygaan, nadat JaHUaH vir Moses in die skeur van die Rots gestel het en hom met **Sy Hand** oordek het, Ex. 33:22.

JaHUsha word as JaHUaH se Hand, Regterhand en Arm beskryf. In Hebreeus is die hele arm ter sprake wanneer die woord vir "Hand" gebruik word. Dit is die "yod" en die prentjieskrif daarvan lyk so: 

JaHUsha is JaHUaH se Reddende Regterhand as die Gesalfde deur wie Hy red … wat eers nie ontbloot was nie, maar toe Hy mens geword het, is diè Arm van JaHUaH ontbloot volgens Jes. 53. Hy is "**Seun van My Regterhand**", wat "Benjamin" is.

> Jes. 53:1 Wie het geglo wat aan ons verkondig is? **En aan wie is die Arm van JaHUaH <u>geopenbaar</u>**?

Dan word JaHUsha en Sy folterdood verder beskryf in vers Jes. 53:2 – 12. Sien ook Jes. 51:9, Matt. 22:44, Heb. 8:1.

Hier in Ex. 33 word JaHUsha ook deur die "**Rots met die skeur"** in gesimboliseer. Dit sinspeel op JaHUsha wat "geskeur" sou word. Die Rots dui op JaHUsha se versoeningsdood wat sou kom en wat vir ons 'n Skuilplek is, terwyl Hy ook die "Hand van JaHUaH" is wat die persoon in die geskeurde Rots beskerm (1 Kor. 10:4).

Die **Rots** simboliseer JaHUsha, so ook **die Hand/Arm** van JaHUaH en **die Aangesig** van JaHUaH word ook aan JaHUsha toegeskryf as ons Luk 1:76 lees.

In antwoord op Daniël se gebed het JaHUsha as die "**<u>Aangesig van JaHUaH</u>**" Sy lig kom laat skyn in Jerusalem om barmhartigheid te bring (Dan. 9:4, Luk. 1:72 – 73) en **dis die boodskap** waarmee Gabriël gekom het in Dan. 9 wat 'n besondere en baie belangrike boodskap was wat te doen het met die Gesalfde, JaHUsha, wat sou kom om die **Gen. 15 Verbond met Abraham** te **bekragtig.**

Ons weet dat Johannes die pad vir JaHUsha moes berei voordat JaHUsha se bediening begin het (Jes. 40:3, Matt. 3:3). So het Sagaria JaHUsha die "**Aangesig van JaHUaH**" genoem in Luk. 1:76 terwyl hy onder die krag van die Afgesonderde Gees geprofeteer het ...

> Luk 1:67 En Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:
> Luk 1:68 Geloofd sy JaHUaH, die Elohiem van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het,
> Luk 1:69 en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg—
> Luk 1:70 soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af—
> Luk 1:71 redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat,
> Luk 1:72 om **barmhartigheid** te bewys aan ons vaders en aan sy **Afgesonderde Verbond** te dink,
> Luk 1:73 aan die **eed wat Hy gesweer het** vir **Abraham**, ons vader, om aan ons te gee
> Luk 1:74 dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,

Luk 1:75 in afgesonderdheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.
Luk 1:76 En jy, kindjie *(Johannes)*, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die **Aangesig van JaHUaH** uitgaan om Sy weë reg te maak;
Luk 1:77 om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,
Luk 1:78 deur die innige **barmhartigheid** van ons Elohiem waarmee die **opgaande Lig** uit die hoogte ons besoek het,
Luk 1:79 **om te skyn** oor die **wat in duisternis en doodskaduwee sit**, om ons voete na die pad van vrede te rig.

In Joh. 14:8 het Filippus vir JaHUsha gevra om hulle **die Vader te toon**. Sy antwoord was veelseggend ...

Joh 14:9 JaHUsha sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het**, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?
Joh 14:10 Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.

**JaHUsha** het dus gekom **as die "Aangesig van JaHUaH"**. Hy het Hom vir ons kom "wys". Moses kon Hom nie sien nie, want Hy was nog nie geopenbaar nie, maar toe Hy die Ewige Verbond met Abraham kom bekragtig het, het JaHUaH "Sy Aangesig" kom laat skyn, soos wat Daniël gevra het en Gabriël se profesie beloof het!

Vir die volledige studie oor Dan. 9, sien Daniël 9 se Profetiese Skat en Daniel 9:25 – 27 prophecy.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Februarie 2019